**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 26 SEPTEMBER 2017 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER LEDE**

Rdh. A de Vries
Rdl. A du Plooy

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | - | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | - | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. GJ Goliath | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. H Kröhn | - | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DJ Josephus | - | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | - | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Me. Z Julius | - | Interne Ouditeur: Assistent |
| Mnr. D Baumeester | - | Menslike Hulpbrondiensbeampte: Opleiding en Ontwikkeling |
| Mnr. NJ Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me. AA Somers | - | Klerk: Komitee Dienste |
| Me. S Willemse | - | Klerk: Komitee Dienste |

**AKSIE**

**BKN024/09/2017**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste open die vergadering met gebed, waarna die Uitvoerende Burgemeester almal by die vergadering verwelkom.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan Me. Judith E O'Connell en Me. Hannelie van Straten-Kreuser vanaf die kantoor van die Premier wat Bergrivier Munisipaliteit besoek vir aanbieding by item 029.

***

**BKN025/09/2017**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Interne Ouditeur – kraamverlof

***

**BKN026/09/2017**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN027/09/2017**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DONDERDAG 14 SEPTEMBER 2017**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Donderdag 14 September 2017 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (S WILLEMSE)***

***

**BKN028/09/2017**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Dat die GOP-forumvergadering gehou word op Donderdag 05 Oktober 2017 vanaf 09:00 tot 13:00 by PPC, De Hoek (Piketberg) en sy versoek dat alle Raadslede die vergadering bywoon; en
- Dat die Stedeband: Heist-op-den-Berg 'n besoek gaan aflê aan Bergrivier Munisipaliteit vanaf Sondag 01 Oktober 2017 tot Woensdag 11 Oktober 2017 en dat alle Raadslede om 18:00 uitgenooi word vir die amptelike verwelkomingsete by Rendezvous (Porterville) op Woensdag 04 Oktober 2017.

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

- Hy bedank die fasiliteerders vir die wyse waarop hulle die openbare vergaderings vanaf 18-21 September 2017 gelei het, asook die Raadslede en ander amptenare wat dit bygewoon het en die wyse waarop hulle dit hanteer het;
- Dat twee wendyhuise in Porterville afgebrand het en dat voorkomingsmaatreëls in plek gestel sal word; en
- Hy wens die Bestuurder: Strategiese Dienste geluk dat sy 'n skoonseun ryker geword het.

***

**BKN029/09/2017**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: PREMIER'S ADVANCEMENT OF YOUTH (PAY PROJECT)**
**3/3/1/5**
***('n Visuele voorlegging word gedoen)***

Die Uitvoerende Burgemeester stel Me. Judith E O'Connell en Me. Hannelie van Straten-Kreuser vanaf die kantoor van die Premier voor aan die komitee, waarna die afvaardiging die komitee deur die voorlegging neem.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die komitee.

Die Munisipale Bestuurder stel voor dat die Kantoor van die Premier konsulteer met alle Munisipaliteite oor interne inisiatiewe met betrekking tot studiebeurse en ander internskappe.

Die Uitvoerende Onderburgemeester bedank die afvaardiging vir die goeie voorlegging gedoen, waarna hulle die vergadering verlaat.

**BESLUIT**

Dat die Opleidingsbeampte van Bergrivier Munisipaliteit 'n begrotingsplan saamstel met betrekking tot die Premier's Advancement of Youth (PAY) projek en dit inwerk in die 2018/19 begrotingsaansoek vir oorweging deur die Begrotingsloodskomitee.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN030/09/2017**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN031/09/2017**
**DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN032/09/2017**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in en gee breedvoerig terugvoering oor die aangeleentheid.

Hy meld dat die opgedateerde verslag elektronies versprei sal word aan die volle raad.

**KENNIS GENEEM**

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN033/09/2017**
**NOTULE VAN DIE PRESTASIE- EN OUDITKOMITEE VERGADERING VIR KENNISNAME: DONDERDAG 29 JUNIE 2017**
**3/2/1/3**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Prestasie- en Ouditkomiteevergadering wat gehou is op Donderdag 29 Junie 2017.

***

**BKN034/09/2017**
**NOTULE VAN DIE RISIKOBESTUURSKOMITEEVERGADERING VIR KENNISNAME: DONDERDAG 22 JUNIE 2017**
**3/2/1/3**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Risikobestuurskomiteevergadering wat gehou is op Donderdag 22 Junie 2017.

***

**BKN035/09/2017**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN036/09/2017**
**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN037/09/2017**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN038/09/2017**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN039/09/2017**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN040/09/2017**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:20***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

***VOORSITTER***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

BERGRIVIER
12 OCT 2017
MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT

***DATUM***

***